

### **Skriflesing:** Ps 42-43

(Wie was die Koragiete wat hierdie gedig geskrywe het? Ons lees in Numeri 16 van Korag wat die Here geminag het en gestraf is met die dood. Sy nageslag, die Koragiete, was egter getrou aan die Here. Hulle was ook baie lojale ondersteuners van koning Dawid. Hy het hulle as koorleiers aangestel en hulle was vir baie eeue daarna nog steeds in beheer van die musiek in die tempel.)

**Tema: Kyk nie angstig nie, maar gelowig rond in 2014.**

- 1. Kyk op**
- 2. Kyk rondom jou**
- 3. Kyk terug**
- 4. Kyk vorentoe**

Dit gaan swaar met die digter van Ps 42-43. Om die een om ander rede is hy ver van die tempel in Jerusalem. Sy hele lewe is een groot stuk hartseer. Dag en nag is hy in tranes. Hy praat van die goddelose bende en valse en misdadige mense wat teen hom saamtrek. Hy ly onder die spot van vyande. Hy is op moedverloor se vlakke. Hy twyfel en kerm.

Hy vergelyk die storms in sy lewe met die geweld van die siedende stormwaters langs die bo-lope van die Jordaan. Dit voel vir hom of God golf na golf oor hom laat slaan. Hy is besig om te vergaan. Dit voel of God hom vergeet. Hy ervaar dat God stil bly as hy pleit om hulp en dat Hy hulle verstoot.

Hy verstaan nie. Waarom moet hy so swaarkry? Waarom moet hy so hartseer wees? Tien maal in die 17 verse wat ons gelees het, vra hy: waarom?

En asof dit nie erg genoeg is nie: dit voel of sy vyande 'n mes in sy hart steek as hulle hom spot en heelyd in sy swaarkry spottend vir hom vra: En waar is jou God nou? Waarom help jou God jou nie?

Hier sit vanoggend ook mense wat so swaarkry

Gelowige mense bly mense. Ons ly ook, ons word verwerp of in die steek gelaat. Ons raak siek en eensaam. Ons wil soms moed opgee as ons kyk na die land, na die korrupsie, geweld en verval.

Ons lewens beland in storms van siekte en nood. Ons wonder ook of God nie dalk van ons vergeet het nie. Het Hy ons dalk verlaat?

Ons hoor die spotstem van die wêreld: "Waar is jou God dan? Waarom help hy jou nie?" En ons wonder self daarvoor.

Ons vra: "My Rots, waarom het U my vergeet? Waarom verstoot U my dan?"

Kom ons wees eerlik, almal van ons gaan soms deur sulke geestelike swaarkry tye. Ons sê "dit gaan goed dankie" as mense vra, maar dit gaan nie so goed nie. Ons is negatief en teneergedruk. Ons lewens voel dood, droog en vol waaroms.

Hoe hanteer ek hierdie negatiewe omstandighede en gevoelens? Ek kyk gelowig rond.

Om weer 'n geestelike seisoen van oorfloed te laat aanbreek, moet ek opkyk.

### **1. Kyk op. Bly besig met God**

Soos wildsbok in 'n woestyn hygend na water buig in 'n droë rivierbedding, so is by die psalm digter die vurige verlange om by God te wees. Hy smag na, hy dors na God. Om God se teenwoordigheid te ervaar en sy water wat lewe gee, te drink, is nie 'n luuksheid nie. Dit is 'n saak van lewe en dood. Soos 'n wildsbok doodgaan sonder water, so sal die psalm skrywer doodgaan as hy nie by God is nie. Hy wil heelyd by God wees.

Hoe smag ek na God? Hoe hou ek aan God vas? Hoe bly ek by God?

Ek doen dit in geloof. Ek sit my hand in geloof in God s'n en hou aan God vas. Drie maal, in Ps 42:6; Ps 42:12 en Ps 43:5, bevestig die skrywer sy vertrou in God.

Hy bly met God besig. Hy roep na God, selfs in, of dalk veral in twyfel.

Hy vertrou op God al kry hy hoe swaar. Hy weet dit is God wat hulle deur en uit die swaarkry lei.

Hy bly besig met die Woord.

Hy bly besig met gebed. Volgende week is week van gebed. Kom ons begin die jaar in gebed.

Die digter kyk op en loop die pad saam met God. Maar hy loop die pad ook saam met ander gelowiges. En daarom kyk hy rondom hom.

### **2. Kyk rondom jou**

Ons lees in Ps 42:5: "As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor 'n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang – 'n skare wat feesvier."

In Ps 43:4 staan daar: "Laat my ingaan na die altaar van God, die God oor wie ek wil jubel en juig, dat ek U kan loof met die lier, o God, my God!"

Die Psalm skrywer wil ingaan by die erediens. Hy verlang na gemeenskap met medegelowiges. Hy wil saam met hulle jubel, juig en loof met die lier. Hy smag na God, maar hy smag ook na God se mense, sy medegelowiges.

Ons moenie die geloofspad alleen loop nie. Kry vir jou 'n gelowige skare wat feesvier. Dien die Here saam in grootgroep, hier in die erediens. Maar skakel ook in by 'n kleingroep.

Ons kan nie op ons eie die Here dien nie. As ons dit probeer doen, is ons soos 'n kooltjie wat uit die vuur uitval en eenkant gaan lê. Ons gaan koud word. Christenskap is 'n spansport. Omring jou met kinders van die Here. En kyk saam terug.

### **3. Kyk terug**

In sy swaarkry kyk die digter terug na die pad wat God in die verlede saam met hom geloop het.

Hy besef: God het my nooit gelos nie. Ek is nou ver van Jerusalem af, maar hy onthou die tye wat hy saam met medegelowiges opgetrek het na die erediens. Hoe hy voorgegaan het in gebed en met oorgawe lofliedere saam met die gemeente gesing het.

In swaarkry tye onthou hy God as sy rots. Hy is sy vastigheid. By God was en is daar vir hom skuiling. In sy donker sal hierdie God hom nie in die steek laat nie. Hy sal weer sy lig en waarheid stuur en hom teruglei na Hom toe.

Ons lei so maklik aan geestelike geheueverlies. Ons moet leer om in geloof terug te kyk. Hoor hoe word die volk van God so treffend opgeroep om terug te kyk in Deut 32:7: “Dink aan die dae lank verby, onthou die jare van die voorgeslagte. Vra jou pa dat hy jou vertel, jou oumense dat hulle jou dit sê.” (Lees ook Ps 44:1-4)

Kyk terug en put geloofskrag uit die Here se sorg en seën in die verlede. Put krag uit die oorwinnaarskruis in jou verlede en vertel mekaar daarvan. Maar moenie net terugkyk nie, kyk ook vorentoe.

#### **4. Kyk vorentoe**

Die Psalm skrywer hou vas aan God en weet: God bly getrou. Hy is die Verbondsgod wat sy volk liefhet. Hy sal in sy liefde weer uitkoms gee. Die volk sal weer ‘n loflied sing. Hy sal hul red van valse en misdadige mense. Soos ‘n regter in die hof sal God hom as onskuldige verdedig teen die goddelose bende.

Hy kyk vorentoe en weet: “Tog sal die Here weer op 'n dag sy trou laat blyk en sal ek selfs in die nag 'n lied vir Hom sing, 'n gebed tot die God van my lewe.” (Ps 42:9)

Dieselfde God van gister en eergister, is vandag hier en hy sal ook môre en oormôre ons lei, seën en bewaar.

#### **Afsluiting**

Daar sal in hierdie jaar tye van oorvloed en ook swaarkry wees. Hoe gaan ons dit hanteer? Ons moet gelowig rondkyk.

- Kyk op. Dors na God. Hou in geloof aan God vas.
- Kyk rondom jou. Omring jou met kinders van die Here.
- Kyk terug en sien sy hand in jou verlede.
- Kyk vorentoe en weet verseker: Dieselfde God wat jou gister en eergister geseën het, sal jou weer seën met seisoene vol liefde en lewe.

Amen